


**Week 5**

*Met hierdie reeks wil ons jou uitdaag om hard en eerlik sake in jou lewe in die oë te kyk en dapper genoeg te wees om jouself uit te daag om dieper te groei...*

**Inleiding** (Welcome)

**Spandeer 5-10 minute om net te re-cap voor watter challenges/uitdagings BRAVE-reeks jou gestel het.**

**Verlede week is jy uitgedaag om te vergewe –** dit sal baie goed wees om baie kort daarby stil te staan en vir groepslede kans te gee om terugvoer te gee oor hul voornemens om te vergewe

**Bid eers saam** voordat julle saam uit die Woord lees

**Wat sê die Woord:** Lees **Johannes 15:1-8 en Daniel 6:8-13, 20-29**

1. Wat het **jou getref** met die eerste lees van hierdie gedeelte? (*Gee vir elkeen kans om baie kort te noem wat hulle getref het. Vra ook, hoekom het dit jou getref?)*
   a. *Jesus se evrklaring dat Hy die wingerdstok is en ons die lote*

   b. *Verhaal van Daniel in Daniel 6*

2. **Hoekom doen jy Bybelstudie, stiltetyd?** Wat is die waarde daarvan vir jou of waarvoor dink jy het ons dit nodig?

3. Wat maak dit vir jou **moeilik om daagliks tyd vir die Here af** te staan en dit deel te maak van jou dagprogram?

4. Watter opoffering het Daniel gemaak en wat was die prys wat hy daarvoor moes betaal? (*Dit is nie net om deur leeus opgevreet te word nie...*)
5. **Wat verklaar Johannes 15:1-8 is die voordeel om in die Here bly?** *(Kyk hoeveel julle kan raaklees)*

6. Ons almal sukkel met ons stiltetyd. En tog is dit een van die belangrikste sake wat ons verhouidng met die Here definieer. Daarsonder het ons nie 'n kans nie. Kyk na die volgende video – gesels oor wat ons nodig het om goeie dissiplines aan te leer en hoe ons mekaar prakties kan help?

   https://m.youtube.com/watch?feature=youtu.be&v=ao8L-0nSYzg

**Aanbidding, toewyding** (Worship)

Om weer met God te waag, moet jy dapper genoeg wees om tyd te maak vir die Here

(1) Watter sake in jou lewe maak dit vir jou moeilik om tyd met die Here deur te bring?

(2) Hoe kan julle mekaar help, aanmoedig, ondersteun?

(3) Wat wil jy graag uit jou stil tye met die here kry? Wat is daar van God wat jy nuut wil raaksien?

Gee aan elkeen in die groep die geleentheid om in stilgebed die Here te vra om met hierdie 3 sake hard en eerlik in ons lewens te werk. Die uitdaging is om die Here nou daarmee te vertrou. Is jy dapper genoeg daarvoor?

**Om te gaan doen** (Works)**:**

- As jy dapper genoeg is om eerlik met die Here te wees – dra jou **wristband**– en gee vir die groep jou rede waarom jy dit gaan doen

- Dalk het die Skrifgedeelte en die Heilige Gees jou **uitgedaag om in hierdie week 'n spesifieke saak in jou lewe aan te spreek**: deel dit met die groep as jy die vrymoedigheid het sodat julle vir mekaar kan bid

- Doen **week 5 van die BRAVE 40 days**

- Besluit hoe julle as **groep** mekaar hierin kan help